

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Te duur

'n Oproep is in die kerkverband uitgestuur waarin gevra word vir die byeenkoms van 'n buitengewone nasionale sinode. Op die agenda van dié voorgestelde sinode sal slegs een saak dien, naamlik die vraagstuk oor die vrou in die amp. Daarbenewens word gevra dat elke kerkraad afgevaardigdes sal stuur om die sinode by te woon.

Die onderskeie klassisse van die GKSA word versoek om te oordeel of so 'n sinode noodsaaklik blyk te wees. Ooreenkomstig artikel 50 Kerkorde moet uiteindelik minstens twee partikuliere sinodes vir die byeenroep van 'n buitengewone sinode vra alvorens so 'n vergadering opgeroep kan word.

Volgens watter maatstaf moet die kerke oordeel of die byeenkoms van 'n spesiale nasionale sinode met een saak op sy agenda noodsaaklik is? Dit is 'n belangrike vraag. Drie jare gelede is daar ook oor dieselfde saak vir 'n buitengewone nasionale sinode gevra, maar daar was nie 'n tweede partikuliere sinode om die versoek te steun nie. Gevolglik is daar toe geen buitengewone sinode opgeroep nie.

Wat het intussen verander? Hoekom is die saak van die vrou in die amp nou wel so gewigtig dat dit 'n vervoegde vergadering regverdig, terwyl dit drie jaar gelede nie die geval was nie? Hieroor sal elke kerklike vergadering in verantwoordelikheid voor die Here moet oordeel.

In die gesprekke rondom die oproep tot 'n buitengewone sinode is daar heelwat ander opinies ook gelug. Kan so 'n vergadering nie by wyse van elektroniese skakeling geskied nie? Wat van 'n telefoonsinode? Kan kerke nie elkeen hulle standpunt op skrif stel, sodat 'n somtotaal van gedagtes gemaak kan word nie?

Onderliggend aan hierdie voorstelle is die vraag: kan kerke nie meer effektief met mekaar kommunikeer nie? En 'n vraag wat daarmee saamgaan: kan ons nie goedkoper met mekaar praat nie? Sinodes is duur. In die oë van heelwat mense té duur. Die geld kan beter aangewend word, byvoorbeeld vir sending of vir sustentasie.

Dit ly geen twyfel dat kerke hulle rentmeesterskap in verantwoordelikheid voor God

moet nakom nie. Daar mag nie met geld gemors word nie, ook nie in die kerkverband nie.

Kan dit wees dat 'n sinode mors van geld is? Is dit onverantwoordelik om soveel kosbare man-ure op te offer aan 'n gesprek oor die vraagstuk 'vrou in die amp'? Hierdie vrae kan met 'n teenvraag beantwoord word. As die buitengewone sinode tot opheldering van 'n probleem kan bydra, as dit tot daadwerklike, Godgegewe herstel van rus en vrede in die kerke kan bydra – mag finansies dan 'n remskoen wees?

Geld, moeite en tyd mag nie faktore wees wat die byeenroep van 'n buitengewone vergadering bepaal nie. As die saak gewigtig genoeg is, laat die kerke voor die aangesig van God saamkom en op die basis van die Woord uitsluitel kry.

Christus het sy lewe vir sy bruid oorgegee. Hy het sy offer nie te duur geag nie. Intendeel. Liefde vir sy Vader en sy bruid het Hom laat offer. Vanuit daardie liefde moet die bruid eweneens offer. Dan leef ons dankbaar.

GJM

INHOUD

- | | | |
|---|---|--|
| 1 Redaksioneel
Te duur | 4 Fokus
Die skreeuende hert
en die skreeuende Lam
<i>Dr AH Bogaards</i> | 8 Geskiedenis
'n Barbaarse oorlogsmisdaad
<i>Prof VE d'Assonville</i> |
| 2 Skrifoorndenking
Leef ons eerlik met die Here?
<i>Dr MJ du Plessis</i> | 6 Kerkerf
Die rol van die kerkraad in die
presbiteriale kerkregeringstelsel
<i>Ds LSD du Plessis</i> | 11 Persskou
Kerk en stad
<i>Ds GJ Meijer</i> |

Leef ons eerlik met die Here?

Lees: 1 Timoteus 3

Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus

Daar is 'n verootmoedigingsondag uitgeroep. Die rede? Al die haat en geweld in ons land.

Dié dinge is tekens van die Here se straf, want waar mense (wie hulle ook al is!) hulle van die Here af wegdraai, gee Hy hulle oor aan die begeertes van hulle hart. Dan gebeur die dinge soos onder andere beskryf in Handeling 7:42 en Romeine 1.

Die bedoeling van die verootmoedigingsdaad is duidelik: laat ons onself ondersoek en duidelik agterkom wat in ons eie binneste aangaan, sodat ons met ons sondes kan breek en beter gelowiges wees. Vanself is ons dan ook beter landsburgers. Uiteraard kan ons nie berou betoon namens die verkragters en moordenaars en kapers en rowers en al diesulkes nie. Dit is ook nie nodig nie, want as ons ons eie verhouding met die Here hersien, mag die Here dalk sy straf, wat ook in hierdie verskynsels na vore kom, van ons af terugtrek.

Ons moet nou nie die fout maak en dink dat die brief aan Timoteus net oor ampsdraers handel nie. Dit gaan oor al die gelowiges wat in die kerk is. Dit kan tog nie wees dat die ampsdraers so onberispelik moet wees, maar die res van die gemeente (land!) kan lewe soos hulle wil nie! Die Here het nie een stel eise vir ouderlinge en 'n ander een vir diakens en 'n derde een vir die lidmate nie. Die Here het slegs een stel eise wat elke uitverkorene raak, maak nie saak of dit 'n man of 'n vrou, 'n lidmaat of 'n ampsdraer of wie ook al is nie. Aangesien ons verantwoordelik teenoor die Here moet lewe, is dit goed dat ons onself toets aan die eise wat God aan ons stel.

In vers 1 skryf Paulus oor die besondere dienste. Die Bybel ken nie die woord amp in die Nuwe Testament nie. 'n Amp is 'n bepaalde posisie waar die ampsdraer sekere magte en gesag het. Die Bybel gebruik die woord *diakonia* – iemand wat in die Naam van God aan iemand anders diens bewys.

In ons praattaal gebruik ons die woorde wat nog uit die tydperk van die Roomse kerk kom. Ons praat van ampte. Dit is so dat die Roomse kerk se mense wat in die kerklike dienste is, ampte beklee. Hulle glo dat hulle bepaalde gesag in hulleself het.

Ons glo dat die Bybel ons iets anders leer. Die Here gebruik die woord 'dienskneg' (*diakonos/diakonia*) en die woord 'slaaf' om die mense wat ons ampsdraers noem, te beskryf. 'n Dienskneg of 'n slaaf het nie enige gesag of seggenskap in homself nie. Hy kan en mag net doen wat sy baas wat hom besit, hom beveel om te doen.

So praat ons van die diens van die mense wat die Heilige Gees hier in die brief deur Paulus beskryf, as die besondere ampte. Die besondere dienste is dié van predikant, ouderlinge en diakens. Die algemene amp/diens is die amp van die gelowige. Daarin is elke gelowige in al drie die ampte gelyktydig profeet, priester en koning. Die Here beskryf hier hoe die mense wat in die dienste staan se benadering teenoor die diens moet wees.

Hy begin met die opsieners. Hulle werk is veral die leiding in die gemeente. Dadelik word een saak by implikasie baie sterk gestel, naamlik dat die ampsdraers of diensknegte se beeld na buite ook die beeld van die kerk vertoon. As die ampsdraers los is en 'n swak lewe lei, word die standaard van die kerk waarin hulle dien dadelik daaraan gekoppel.

Sonder dat dit reguit gesê word, besef elke gelowige wat hierdie brief

lees dat, al is hy nie die dominee nie, die Here hier met elke gelowige praat – al noem Hy net die diens van die predikant. Wat Hy van die dominee sê, is van ons almal waar want ons staan almal in die amp van die gelowige. Daarom moet elke lidmaat hoë kwaliteite hê, soos dit vir die verskillende dienste voorgeskryf word.

Elke mens wat deur die Here Jesus Christus gered en verlos is, moet hierdie goeie getuigenis hê omdat ons deur die Here Jesus verlos en deur God die Heilige Gees gelei word. Baie keer hoor ons dat mense sê: 'Verkies so-en-so as diaken of ouderling. Dan sal hy kerk toe kom en reg lewe'. Dit is verkeerd. Die Here leer hier 'n ander beginsel: iemand word nie eers onberispelik nadat hy verkies is nie. Hy word juis verkies omdat hy onberispelik lewe vóórdat hy verkies word.

Die eis waarvoor ons hier gestel word is dus in die eerste plek die eis dat elke gelowige onberispelik moet wees. Let op hoe prakties die Here oor 'n groot saak soos geloofsonberispelikheid is. Daar is 'n taamlike lang lys van alledaagse dinge wat deel uitmaak van die meeste van ons se samestelling: ons moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.

Die Here gee ook die rede waarom Hy hierdie lang lys vereistes voorskryf: 'Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?' (1 Timoteus 3:5).

Daarna stel die Here twee uiters belangrike sake waaraan ons normaalweg bitter min aandag gee.

- Die een raak die geesteswêreld.

Daar het iets in die hemel skeefgeloop wat 'n neerslag op die mense op die aarde het. Die Here waarsku dat die ding hom nie in die kerk moet herhaal nie. As daar nuwe mense in die gemeente intrek, mag hulle nie dadelik tot enige amp verkies word nie:

'...sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duivel val nie' (1 Timoteus 3:6).

Die Here gee die opdrag nie sonder rede dat 'n gemeente nie 'n nuweling tot die besondere dienste moet verkies nie. 'n Nuweling is iemand wat pas uit die heidendom gekom het, of pas in die gemeente gekom het. Hy mag homself oorskakel as hy in 'n amp geplaas word waar hy toesig moet hou oor mense wat lankal in daardie gemeente is. Hy moet eers deel word van hulle, en hy moet eers deeglik bewys lewer dat hy bestand is teen die sondes wat ons alledaags onder ons aantref. Anders beland hy in 'n ander sonde, naamlik die een van verwaandheid wat ook die duivel destyds in die hemel laat struikel het.

Weereens word 'n saak gestel wat nie net nuweling nie, maar almal in die gemeente raak, naamlik dat ons nie in 'n situasie mag beland waar ons God se gawes en genade uit die oog verloor nie. Die belangrike is dat dit nie hoë eise is wat aan die gelowiges gestel word nie. Ons moet almal aan die eise voldoen as ons ware gelowiges is.

- Die tweede saak raak die ongelowige wêreld rondom ons.

'Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders ...' (1 Timoteus 3:7)

Die getuienis van die buitemense is vir die Here belangrik. Hoe baie keer hoor ons nie verwyte van die kant van die ongelowiges nie? 'Jy maak so-en-so en dan sê jy jy is 'n christen en jy behoort aan daardie kerk!' Hulle verag dan die kerk omdat die lidmate van die kerk veragtelik optree.

Ons kan maklik sê dis maar net die ongelowiges wat daar praat. Maar nou wil God ons darem ook

reghelp. Ons kan nie daardie mense se menings net afskiet nie! Dit is vir God belangrik watter getuienis hulle oor ons lewer! Ook die buitestaanders moet getuig dat ons by ons beginsels staan, en dat ons die christelike geloof so utoeef dat hulle verstom staan daarvoor, al irriteer dit hulle! Hulle moet dus oor ons manier van lewe niks ander as goed kan praat nie.

Kom ons vat al hierdie dinge wat God ons hier voorskryf saam in een sin: Die Here eis dat geen gelowige hom mag laat benewel deur dwalinge of enige heersende stroming van sondes nie. Ons moet die evangelie van Jesus Christus beheersd en met waardigheid utoeef. Die heidene was bakleierig, het mekaar se goed gesteel, was gierig en het baie kere in dronkenskap verval. Ons mag nie so wees nie.

'n Mens se genadebesef en sy sondebef loop hand aan hand. Ons kan alleen God se genade raaksien as ons ons eie swakhede en sondes regtig ken – nie net met die mond sommer so in die wydte sê dat ons weet ons doen sondes nie, maar dat elkeen sy swakhede ken en weet hoe ons God daarmee onteer. Dan sal ons weet wat God vir ons gee as Hy ons daarvan verlos. Al wat die Satan werklik kon regkry was om in God se oordeel te beland.

Die eerste twee woorde waarmee vers 8 begin is 'net so'. Die apostel Paulus begin hier oor die diakens skryf. Die diakens is net sulke gelowiges as die ouderlinge of die predikant. Daarom onderstreep die Heilige Gees met hierdie twee woordjies dat daar nie by die Here dubbele standaarde is nie. Dieselfde dinge wat vir die predikant van belang is, geld ook vir die diakens. Daarom: net so. Al hierdie dinge wat van die diaken gesê word, is dus ook waar van die ouderlinge en die dominee, en van elke man en vrou in die gemeente.

In die Nuwe-Testamentiese gemeentes was dit mans wat ampsdraers was. Dadelik kom die vraag: Wat dan van die vrouens? Hoe belangrik is hulle vir die Here? Die vrou is net so kind van God en gered soos die man. In die Nuwe

Testament is daar voor die Here nie meer onderskeid tussen mans en vrouens nie. Wat ons kindskap betref is ons almal presies gelyk voor die Here. Daarom begin vers 11 ook met 'net so moet die vrouens'. Elke lidmaat word aan God se eise onderwerp op 'n basis van gelykheid. Vrouens het dit nie makliker as enigiemand anders nie, en lidmate het dit ook nie makliker as ampsdraers nie. Nee, almal – mans en vrouens – staan gelyklik onder God se eise.

God maak hier nie net 'n lysie van wat ons nie moet wees nie. Hy sê ook hoe ons wel moet wees: ons moet die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou. Niemand sal regkom as hy net hoor wat hy nie moet doen nie. Hy moet ook weet wat hy dan wel moet doen. Daarom word die daad in vers nege beskryf. Jou rein gewete moet juis daarvan getuienis gee dat jy onberispelik is in jou lewe.

Die verborgenheid van die geloof is moeilik om te verklaar. Waarskynlik bedoel die Bybel hier dat die geloof ook oor sulke diep dinge gaan dat ons dit nie altyd met ons verstand kan beredeneer nie. Dit bly dus verborge. Des te meer moet ons gewete getuig dat ons selfs die dinge wat ons nie altyd kan verstaan nie, ook nog behoorlik nakom! Ons moet nie God se raad aan ons begrip onderwerp nie. Jy kan dus nie met 'n slegte gewete glo nie! Nie regtig nie. Die mens wat weet dat hy vals is moet hom bekeer van dit wat hy verkeerd doen.

Daarom skryf vers tien 'n proeftyd voor. Nie 'n proeftyd in die amp nie. Lees weer: 'n proeftyd voordat jy in die amp mag wees. Jy moet dus in jou geloofslawe die geleentheid kry om jouself te bewys.

Nou val vers 13 vanself in sy plek: 'want die wat goed gedien het'. Dit is ons almal. Almal wat goed gedien het verkry 'n eervolle plek in die geloof in Jesus Christus. Hulle verkry ook veel vrymoedigheid in die geloofslawe.

Moet ons nou moedeloos wees omdat ons gewetens nie skoon is oor dit wat ons doen nie? Nee, want die Here Jesus Christus het juis versoening bewerk vir

onvolmaaktes. Hierdie gedeelte is Christusverkondiging. Hy het versoening gedoen vir mense wie se gewetens hulle aankla dat hulle nie doen wat God eis nie. Hy wil juis hê dat sulke mense voortdurend onder die besef moet wees dat Hy ons swakhede met God versoen het. Die genade is dat die Here Jesus Christus ons waardig maak aan die koninkryk van God. Ons is dit nie uit onself nie.

As ons nougeset op ons lewe let sal ons een van twee dinge agterkom:

- Ons sal insien hoe swak ons is en wat ons verkeerd doen, en met berou en met 'n groot behoefte

om vergewe te word na die Here toe kom, waar Hy juis sy genade aan ons bevestig.

- Ons sal agterkom dat ons ons tog nie veel aan God se eise steur nie, want ons doen in elk geval wat ons wil. In dié geval haal ons die swaar oordeel van die Here oor ons met die wederkoms van ons Here Jesus Christus.

Mag die Here gee dat ampsdraers so leef en werk dat die gemeente met vrymoedigheid hulle lewenswyse kan navolg. Laat ons as gelowiges dit ons taak maak dat die geloof in die Here Jesus Christus ons hoogste prioriteit is en dat ons sy eise uitleef.

Van die redaksie

Die drukkersduiwel het die laaste twee uitgawes van Waarheid en Dwaling sy parte gespeel. Die redaksie vra verskoning vir enkele drukfoute wat in die artikels van prof PP Krüger (Mei/Junie) en dr AH Bogaards (Julie) ingesluit het. Ons vertrou dat die artikels, nieteenstaande die enkele foute, goed leesbaar en verstaanbaar was.

Fokus

Dr AH Bogaards, Pretoria - Rooiwal

Die skreeuende hert en die skreeuende Lam

Totius se beryming van Psalm 42:1, waar die hert skreeuend dors na die genot van die helder waterbeke, het al negatiewe reaksies ontlok. So het iemand eenmaal geskryf: 'Daar is ook doodgewoon onjuisthede (in Totius se beryming – AHB), soos in Psalm 42, waar die indruk gelaat word dat 'n dors hert (bok) skreeu. Dis ook nie wat in die Skrif staan nie – eerder so 'n bietjie verbeelding van die moderne Psalmdigter'.

Woordeboeke, Skrifverklaarders, rabbyne weet dit wel

Dit is inderdaad so dat die nuutste Hebreeuse woordeboek (Koehler) die betrokke woord wil vertaal met 'to pant, long for, crave'. Tog wys Koehler daarop dat Luther, die Siriese vertaling en die rabbyne die woord wel met 'cry' vertaal. In die na-Bybelse Hebreeus word die woord gebruik vir 'the cry of the deer', aldus Koehler.

Rabbi Rashi sê: Die Hebreeuse taal het spesifieke woorde om die geluide uit te druk, wat besonder is aan verskillende diere. So boots die woord 'skreeu' in Psalm 42 die roep van die hert na. Die rabbi's sê ook:

Die hert is die vroomste van alle diere. As die ander diere dors het, vergader hulle rondom die hert en dring by die hert daarop aan dat dit sy oë sal opslaan na die hemel. Die hert grawe dan 'n gat in die grond, druk sy horings daarin en skreeu.

Luther, die Siriese vertaling en die rabbyne weet dus van bokke wat skreeu. Dit is egter nie al nie. Seker die beste kommentaar op die Ou Testament, dié van Keil en Delitzsch, sê: Die woord druk nie bloot net 'n stil smag na water uit nie, maar 'n sterk, hoorbare dors. By die lys van Skrifuitleggers wat weet van 'n hert wat skreeu, kan nog talle ander name gevoeg word, onder andere dié van Calvin en die standaard Psalm-kommentaar van Hans-Joachim Kraus.

Ook ander Psalmberymings

Verder gebruik minstens twee moderne Psalmberymings – om die oues, die Nederlandse van 1773 en die Duitse van Jorrissen, nie eens te noem nie – die woord skreeu.

- Die eerste is die Nederlandse beryming van 1968:

*Evenals een moede hinde
naar het klare water smacht,
schreeuwt mijn ziel om God te
vinden,
die ik ademloos verwacht.*

- Die tweede, baie skitterende beryming is die Anglo-Genevan Psalter van 1984:

*As the hart about to falter,
In its trembling agony
Longs for flowing streams of water,
So, O God, I long for Thee.
Yes, athirst for Thee I cry.*

't Hijgend hert der jacht ontkomen

Die deel wat ter sake is in die Nederlandse beryming van 1773 is die volgende:

*'t Hijgend hert, der jacht
ontkomen,
Schreeuwt niet sterker naar 't
genot
Van de frisse waterstromen,
Dan mijn ziel verlangt naar God.*

G Dekker skryf in sy boekie oor die Totius-beryming dat Totius 'n veel reëler beeld van die Oosterse natuur kon vorm as wat die Nederlandse berymers dit kon doen. 'Dit

herinner my', skryf Dekker, 'aan die goeie antwoord wat die digter een keer gegee het aan iemand wat beswaar gehad het teen die feit dat die hert in Psalm 42:1 nie meer is "der jacht ontkomen" nie. Totius het daarop gewys dat die Bybel maar net praat van 'n "hert wat smag na waterstrome". Die Hollander in sy waterland het hom nie in die werklike beeld ingeleef nie – vir hom was daar maar een moontlike rede waarom die hert so 'n dors kan hê: deurdat hy agtervolg is, het hy nie geleentheid gehad om te drink nie'. In 'n voetnoot sê Dekker' verder: 'Camphuysen het die ingevoerde Hollandse beeld van die jag nog verder uitgewerk en selfs honde daarby gehaal! "Een dorstig hert dat voor de honden vlied ..."'.

Op Dekker se uitsprake kan die volgende aanmerking gemaak word: Die beeld in die 1773-beryming is nié deur die Hollanders ingevoer nie. Dit is van die Jode afkomstig. Van die Joodse verklaarders sê dat die herte meedoënloos deur troppe honde agtervolg is. Die arme diere hardloop totdat hulle 'n diep stroom water vind. Hulle skreeu dit uit en duik in die koel water wat hulle verfris en beskerming teen die honde verleen.

Calvyn ken ook hierdie verklaring van die jag en die honde. Hoewel hy kritiek daarop het, wil hy nie daaroor twis nie. Sy kommentaar is: 'As sommiges meen dat die herte verlang na riviere om van hulle vermoeidheid ontslae te raak, dan is dit al te eng. Wel erken ek dat hulle nuwe krag kry deur hulle in die rivier te werp as 'n jagter hulle in die noute dryf of as honde op hulle hakke is. Dit is egter ook bekend dat herte sekere tye van die jaar as gevolg van ondraaglike hitte meer nog as gevolg van dors na water hyg. Ek meen dat die profeet hierdie dors bedoel, hoewel ek nie daarvoor wil stry nie'.

Die Kanttekening (1637) teken aan: Die dors kan wees hetsy deur gebrek aan water in die algemeen of deur groot hitte, wanneer die hert gejag is, soos Dawid in sy ballingskap inderdaad soos wild deur Saul gejag is.

Dit was lank 'n gunsteling tydverdryf in die Oosterse lande om met honde op die hert jag te maak. In Psalm 22:17 (vergelyk ook vers 21)

vertel die digter dat honde hom omsingel het. 'n Paar kommentare meen dat *jaghonde* bedoel word. As die honde die prooi ingehaal het, omsingel hulle dit en val dit aan. Wat daarby aandag verdien, is dat Psalm 22 as opskrif het 'Die hert van die dageraad'. Hierdie woorde gee volgens sommige verklaarders nie die wysie van die Psalm aan nie, maar die inhoud. Die Psalm handel oor die *hert* van die dageraad. 'n Hert word dus deur honde gejag. Gill betrek die opskrif op Christus, wat deur die Jode gejag en omsingel en uiteindelik gevange geneem is. Dit is nie die enigste plek in die Bybel waar die evangelie-vyandige Jode honde genoem word nie (Filippense 3:2). Ook die Jode betrek die hert van die dageraad op die Messias.

Openbaring in die natuur

Wie op 'n plaas grootgeword en al 'n droogte meegemaak het, sal weet hoe beeste kan bulk (skreeu) vir water. Hulle skreeu dat dit 'n aardigheid is. Boonop loei hulle met hulle koppe hemelwaarts gewend. Daarvan het Totius as natuurkind alles gewet. Natuurlik skreeu die bokke en die beeste nie soos mense nie. Dit is maar net 'n wyse van spreke.

Openbaring in die Skriftuur

Totius het egter nie net Luther, Calvyn en andere en die natuur agter hom met sy beryming van 'n skreeuende hert nie. Hy staan daarmee op die Skrif self. In die verstaan van die woord 'skreeu' in Psalm 42 sal ons veral Skrif met Skrif moet gaan vergelyk. Joël 1:20 is kroongetuie om die 'skreeu' met 'skreeu' te vertaal. Die hele verband waarin vers 20 staan wys in dié rigting. In Joel 1:18 lees ons: 'Hoe *sug* die vee!' Vee kan dus nie net skreeu nie, maar ook *sug*. In die volgende vers sê die profeet: 'Tot U, o Here, *roep* ek, want 'n vuur het die weivelde van die woestyn verteer, en 'n vlam het al die bome van die veld aan die brand gestee'. Dit is 'n *gesug* van diere en 'n *geroep* van die mens tot God en dan vervolgt die profeet: 'Selfs die diere van die veld *smag* na U; want die waterstrome het opgedroog, en 'n vuur het die weivelde van

die woestyn verteer'. Die woord 'smag' hier is dieselfde as die een wat in Psalm 42 met 'skreeu' vertaal kan word. In verband met die voorafgaande 'roep' van die profeet na die Here kan hierdie 'smag' ook moeilik anders verstaan en vertaal word as met 'skreeu'. Immers, die diere 'smag' nie na God nie, maar hulle roep na God, omdat hulle smag na water.

Die Bybelse voorbeelde van roepende diere wat skreeu na God om voedsel, kan opgestapel word. In Job 39:3 roep die kleintjies van die kraai tot God om spyse. Die digter van Psalm 147:9 sing van die HERE wat aan die vee hulle voedsel gee, aan die jong rawe as hulle roep. 'Sing daarom voor die HEER u dank, ... wat ... die rawe-nes op milde wys versorg, wanneer dit roep om spys'.

Wie probleme het met die skreeuende bok van Psalm 42, moet ook probleme hê met die roepende vloed in dieselfde Psalm (vers 8) en die sugtende skepping van Romeine 8 om maar net nog enkele voorbeelde te noem.

Woordeboeke (Koehler) is ook nie altyd reg nie. Ons sal moet leer om self, deur die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking, te bepaal wat 'n woord beteken.

Die skreeuende Lam

Die man van Psalm 42 is ver weg van die tempel, daar waar die Here woon. Hy smag na die Here. Die hele Psalm is een groot skreeu na God. Dit is nie denkbaar dat die Psalmis sy afgesny wees van God emosieloos beleef het nie. Ons hoor meermale in die Bybel mense in die uiterste nood van hulle lewe na God roep. Aan die kruis van Golgota kry ons die vervulling van Psalm 42. Ons Here Jesus was afgesny van sy Vader en dan hoor ons: Die Lam het met 'n groot stem geroep (dit wil sê: geskreeu) en gesê: My God, my God, waarom het U My verlaat (Matteus 27:56)? Hebreërs 5:7 maak eweneens melding van die skreeu van die Seun van die mens: 'Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smeking *met sterk geroep* en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs'.

Die dorstende hert en die dorstende Hert

In Johannes 19:28 lees ons: 'Hierna, omdat Hy geweet het dat alles al volbring was – sodat die Skrif vervul sou word – het Jesus gesê: Ek het dors!' Watter Skrifwoord sal dit wees? Blykens die vervolg kan ons dink aan Psalm 69:22. In Johannes 19:29 staan immers: 'En daar het 'n kan vol asyn gestaan; en hulle het 'n spons met asyn gevul en op 'n hisopstingel gesit en aan sy mond gebring'. Daar is egter goeie gronde om die 'Ek het dors' ook as vervulling van Psalm 22:16 ('My tong kleef aan my verhemelte') en Psalm 42 te sien.

Juis Psalm 22:19 (die verdeling van die klere) kom in Johannes 19:24 ter sprake.

Verder het ook die 'volbring' – 'omdat Hy geweet het dat alles al volbring was' (Johannes 19:28) en 'dit is volbring' (Johannes 19:30) – alles met Psalm 22 te make. Delitzsch skryf by die 'Hy het dit gedoen' (Psalm 22:32): Hierdie woorde so vol betekenis impliseer die deurvoer van die verlossingswerk. Dit is die laaste woorde van Psalm 22 net soos die 'Dit is volbring' die laaste woorde

van die gekruisigde Christus is. Die inhoud van die evangelie is dat God volbring het wat Hy beplan het toe Hy Christus as Middelaar gesalf het. Hy het dit volbring deur Christus deur lyding heen na die troon te lei en deur vir Christus die kruis die leer na die hemel te maak.

Dit is sekerlik nie toevallig dat Psalm 22 juis as opskrif het 'Die hert van die dageraad' nie. Daar is 'n verband tussen die dors hert van Psalm 42 en dorslyer van Psalm 22 (my tong kleef aan my verhemelte). Die man van Psalm 42 is ver weg van God se tempel en die digter van Psalm 22 is van God verlate. In beide Psalms word geroep, geskreeu.

Hert? Bok? Wildsbok? Dier? Niks?

Sommiges meen dat dit onbelangrik is of jy in Psalm 42 'hert', 'bok' of 'wildsbok' vertaal. Die 2001-omdigting gaan selfs verder. Dit dig dit in die eerste omdigting (Cloete) om met 'dier' en in die tweede (Spies) word dit heeltemal weggelaat.

In die lig van voorafgaande argumentasie is dit nie versoenbaar nie. Ons het te make met die geïnspireerde en daarom altyd

veelseggende Woord van God, ook wanneer ons die 'Hert' van Psalm 42 en 22 ontmoet. Die indruk word soms geskep dat die hert net in Europa voorkom. Die hert was egter nie 'n onbekende boksoort in Israel nie. Trouens, in die tyd van die Ou Testament was daar drie spesies van hierdie dier in Palestina. Die Ou Testament maak ook pertinent onderskeid tussen verskillende boksoorte. Gaan lees maar net Deuteronomium 12:22, 14:5 en 15:22 en ook Hooglied 2:9 en 17. Geen bekende kommentaar of woordeboek meen dat dit in Psalm 42 sommer oor 'n bok in die algemeen gaan nie.

Nie verbeelding nie, maar openbaring

'n Mens durf nie sê dat die skreeuende hert so bietjie verbeelding van die moderne digter (Totius) is nie. Verbeelding is openbaring van die menslike gees. Die skreeuende hert is egter nie menslike openbaring nie. Intendeel, dit is Godsopenbaring. Dit is nie verbeelding van die digter nie, maar openbaring van dié Digter.

1. Dekker, G. 1938. Die Afrikaanse Psalmberyming. Van Schaik : Pretoria. p 25.

Kerkerf

Ds LSD du Plessis, Delmas

Die rol van die kerkraad in die presbiteriale kerkregeringstelsel

Die sondige sug na gesag, mag en/of outoriteit is van die vroegste eeue af deel van die lewenspatroon van mense. Hiervoor is al soveel onsinnige oorloë gevoer en mense vermoor.

Tog, deur dieselfde eeue heen, bely gelowige mense dat daar net een mag is, naamlik die mag van God. Hierdie mag laat Hy in verskillende vorme realiseer soos Hy dit nodig vind (Romeine 13:1). Die verskillende vorme waarin God sy mag laat realiseer, het alles te doen met die

praktyk van ons lewe op aarde. So is aan ouers onder andere die mag gegee om die kinders wat die Here aan hulle toevertrou het só groot te maak dat die kinders ook eenmaal die vermoë sal hê om mag te kan hanteer, as die Here dit aan hulle toevertrou. Aan landsowerhede het God die mag gegee om 'n land met sy inwoners so te regeer dat daar orde en vrede sal wees.

Hierdie mag word ook deur God gegee in die handhawing van orde

en vrede in sy kerk. Juis wat sy kerk betref het die ontplooiing van hierdie mag oor eeue heen verskillende vorms aangeneem, byvoorbeeld die kollegialisme, die independentisme, die episkopale stelsel, ensovoorts. Soos Van der Linde egter uitwys, word die Koningskap van Christus in al hierdie stelsels 'óf direk ontken, óf deur die wyse waarop gepoog word om dit te laat werklik, verwring' (Van der Linde GPL, p 82).

Die Gereformeerdes het vanuit die herontdekking van die Woord en die kerkregtelike beginsels wat daaruit voortvloei, die presbiteriale kerkregeringstelsel daargestel. Voortdurend moet ons onself egter reformerend afvra of ons wel die Koningskap van Christus op die regte manier voorop stel en onself ook volledig aan sy Koningskap oorgee, soos die beginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel dit uitwys. Veral die feit dat daar in die afgelope jare in die Gereformeerde Kerke oor sekere sake verdeeldheid en onmin gekom het, bring mee dat ons toenemend deeglik oor hierdie onderwerp sal moet besin. Wie regeer, en hoe of waardeur? Wat is die implikasies hiervan vir die praktyk van regering in die Gereformeerde Kerke?

Die grondbeginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel

Die vernaamste beginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel is:

- Christus is die hoof van sy kerk.
- Christus regeer deur sy Woord en Gees.
- Christus gebruik ouderlinge om sy regering te handhaaf en uit te voer.

Hierdie beginsels word baie mooi in die bevestigingsformulier vir ouderlinge na vore gebring:

“n Ouderling is iemand wat die diens van regering in die gemeente van Christus beoefen. Ouderlinge of opsieners het deurgaans in die apostoliese kerk die gemeente met die Woord geregeer en versorg volgens die gawes wat die Heilige Gees gegee het.’

‘Hierdie diens word nie net aan een of twee toevertrou nie, maar aan al die ouderlinge saam, wat onder leiding van en saam met die bedienaar van die Woord die *kerkraad vorm*’ (my kursivering – LSD).

Hierdie eenvoudige, dog absoluut duidelike definisie van wat ‘n kerkraad is, is reeds by die konvent van Wezel (ongeveer 1567-1570) vasgestel (Bouwman, deel I, p 548) en deurentyd deur Gereformeerdes gehandhaaf. Bouwman vat die

regering deur die kerkraad mooi saam, naamlik ‘... in dienst staat van Christus, ten behoeve van de gemeente’ (Bouwman, deel I, p 549). Hulle ontvang ‘van Christus hun opdracht en volmacht’ (Bouwman, deel II, p 100).

Die implikasies van hierdie beginsels

Hierdie uitgangspunte onderstreep dat die kerkraad die onbeskryflik groot verantwoordelikheid het om in die Naam van Christus, die Hoof, te regeer. Of, om dit baie reguit te stel: om in alle sake wat hy moet hanteer, te handel soos Christus sou handel, indien Hy self nog fisies in die vlees by ons teenwoordig sou wees. Christus staan voorop. Hy is die Hoof. Wanneer die kerkraad dan vra dat die lidmate sal luister en handel volgens die Here se Woord, ‘dan is het Christus self, die spreek door zijne dienaren’ (Bouwman, deel I, p 550).

Om hierdie rede word die vergadering van die kerkraad deur die presbiteriale kerkregeringstelsel beskou as die belangrikste kerklike vergadering, in teenstelling met byvoorbeeld die kollegialistiese stelsel waar die meerdere vergaderings hiërargies bo die kerkraad gestel word, met die hoogste gesag wat by die sinode rus.

Omdat die kerkraad in die Naam van Christus optree, as mense wat deur Hom hiertoe geroep is, moet hulle geëer word ter wille van hulle roeping (sien die gebed in die bevestigingsformulier). Hierdie eer wat aan die ouderlinge/kerkraad bewys moet word, moet uiteraard in die eerste plek deur die gemeente aan die ouderlinge bewys word. Strek hierdie eer egter ook so ver dat meerdere vergaderings ook eer aan die ouderlinge of die kerkraad moet bewys?

In normale omstandighede, asook by sake wat op die periferie lê, lewer hierdie beginsels, asook die implikasies daarvan, geen kerklike probleme nie. In moeilike sake, veral waar die kenmerke van die ware kerk ter sprake kom, bewys die geskiedenis van die Reformasie dat skeuring van kerke meestal begin by kerkrade/ouderlinge.

Waar ouderlinge/kerkrade nie meer in alles Christus na sy Woord en deur sy Gees gehoorsaam is en suiwer nasprek nie, word daar konfrontasie gevestig met ouderlinge/kerkrade wat juis in alles Christus na sy Woord en deur sy Gees gehoorsaam is en suiwer wil nasprek.

Die vraag is of ouderlinge altyd besef wat dit beteken om in diens van Christus te staan.

Die huidige situasie in die GKSA

Hierdie tema, die rol van die kerkraad in die presbiteriale kerkregeringstelsel, is tans baie aktueel in die GKSA.

Die kerkgeskiedenis oor die afgelope 20 jaar bevestig dat kerke nie meer dieselfde besluite oor belangrike sake neem nie. Wanneer ouderlinge of kerkrade verskil van die besluite wat deur meerdere vergaderings geneem is, beland die kerkverband in moeilike vaarwaters. Tog het ons dieselfde Christus, dieselfde Gees en dieselfde Woord. Hierdie drie kan nooit deur ‘n mens bevraagteken word nie.

Lê die probleem by die presbiteriale kerkregeringstelsel? Dit kan nie, aangesien sy beginsels gebou is op Jesus Christus. Wanneer Hy die fondament is, kan daar geen ander fondament wees nie (I Korintiërs 3:11). Die probleem kan dus alleen by die ouderlinge/kerkraad gesoek word. ‘n Ouderling is ‘n mens, en kragtens sy menslike natuur dus sondaar. Dit lyk asof die Woord nie meer deur almal dieselfde gelees en verstaan word nie.

Die beginsel bly egter staan: die ouderlinge ontvang van Christus hulle opdrag en volmag. Niemand anders as Hy eis ook verantwoording oor hierdie opdrag en volmag nie.

Wat staan ‘n kerkraad dus te doen wanneer besluite van meerdere vergaderings teenstrydig blyk te wees met die Woord van Christus, die drie Formuliere van Enigheid, asook ons ooreengekome Kerkorde? Appelle en beswaarskrifte is die ooreengekome kerklike weg, en dit kan nie verbygegaan word nie.

Terselfdertyd mag meerdere vergaderings ook nie die gewetens van kerkrade bind om aan besluite van hierdie meerdere vergaderings meer gehoorsaamheid as aan die Woord te bewys nie. Ons moet Christus tog meer gehoorsaam wees as mense!

Probleemstelling

Hierdie skrywe bedoel nie om antwoorde te gee nie, maar bepleit diepe besinning oor twee sake:

- Die hantering van artikel 31 KO oor die uitvoering van en binding

aan besluite wat moontlik in stryd is met Skrif, Belydenis en Kerkorde.

- Die hermeneutiese probleem dat almal in die GKSA nie meer die inhoud van Skrif, Belydenis en Kerkorde dieselfde verstaan nie.

Op hierdie twee fronte sal absolute konsensus moet kom, voordat die GKSA weer met spoed sy Godgegewe roeping eensluidend, en dus kragtig, verder kan neem.

Geraadpleegde bronne en aanbevole leesstof

Bouwman, H. Gereformeerde Kerkrecht Deel I, Kok, Kampen, 1970

Bouwman, H. Gereformeerde Kerkrecht Deel II, Kok, Kampen, 1970

Van der Linde, GPL. Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel, Potchefstroom, 1965

Van der Walt, JJ. Christus as Hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregeringstelsel, Potchefstroom, 1976

Geskiedenis

Prof VE d'Assonville, Pretoria

'n Barbaarse oorlogsmisdaad

Die Gereformeerde kerkgebou van Vryheid op 19 Mei 1900 vernietig

O, die verwoesting van kerkgeboue deur die Engelse in die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902!
O, die bitter lyding van die Gereformeerde Kerk Vryheid (Natal) wat stukkend geslaan is:

*Droef en lank was die nag,
grys en guur breek die dag -
ver ruis die reën ...*

*In gebede geskaar,
in die reën bymekaar,
smeek ons af in gevaar,
Vader, U seën! (Jan FE Celliers)*

Jare van ontsettende lyding. Vier lange jare van geen prediking nie. Vier jaar van geen kerkdienste nie. Vier jaar van geen kerkraadsvergaderings nie. Vier jaar van geen doop en nagmaal nie. Eers op 7 Februarie 1903 kom die kerkraad en gemeente weer op die plaas Traktaat saam – dáár waar hulle in 1897 gestig is. Kan 'n mens dit vir jou in 2006 indink – ons met ons moderne tegniek, ons met ons teerpaaie en luukse motors wat selde onder 100 kilometer per uur voortsnel, ons met ons selfone, radio's en TV?

Ds JA van Rooy het van Nylstroom in die verre Noord-Transvaal gekom om hierdie kudde van Jesus Christus weer as herder op te soek. Die brokstukke moes opgetel word. Daar moet gepreek word. Kinders moet gedoop word. Daar moet weer 'n nagmaalstafel staan. Broeders en susters moet kom aansit.

O, en dan is daar weer vreugde! Ds van Rooy lees Psalm 46 uit hulle Bybel van destyds:

'God is ons eene Toevlucht en Sterkte; Hij is krachtelijk bevonden eene Hulp in benauwdheden. Daarom zullen wij niet vreezen, al veranderde de aarde hare plaats, en al werden de bergen verzet in het hart van de zeeën. Laat hare wateren bruisen, laat ze beroerd worden; laat de bergen daveren ...'

Die notule van daardie dag op 7 Februarie 1903 vertel egter 'n somber verhaal. Die Gereformeerde Kerk Vryheid se geliefde dominee Flip Snyman is nie meer daar nie. Hy het reeds drie jaar vantevore tydens die beleg van Ladysmith gesterf. En die ander tragiese stukke van die gemeente se geskiedenis?

Engelse breek die kerkgebou af en bou daarmee 'n fort!

Dit is met één woord ongelooflik. Dit kan tog nie waar wees dat 'n sogenaamde christelike nasie soos die Engelse só barbaars kan wees nie – byna erger as die berugte vandale in die Middeleeue wat in hulle opmars kerke verwoes het. Dit staan swart op wit in artikel 4 van die kerkraadsnotule van 7 Februarie 1903: Die Engelse het die kerkgebou 'geheel opgebroke' en met die materiaal is 'een blockhouse op dezelfde plaats gebouwd'! Dit was een van die berugte 'blokhuise', afskuwelike Engelse forte wat oor ons hele land gebou is, selfs tot diep in Kaapland.

Ontsettend! Op Sondag, 19 September 1900 trek die Britse leëmag Vryheid binne. Die inwoners wat in die dorp oorgebly het, sidder en beef. Daar is nie eens 'n kerkdiens nie. Haar majesteit se orkeste en infanterie-regimente met hulle perde-afdelings en kanonne beweeg in 'n stoet deur die hoofstraat. Die Republiek Transvaal se regeringskantore word beset. Die Union Jack word op verskillende punte gehys. Die ou Vierkleur word afgepluk. Proklamasies word

uitgevaardig en opgeplak. Die jag op die vroue en kinders van die manne op die slagveld het begin. Konsentrasiekampe, 45 van hulle, word oor die hele land opgerig. Binne 18 maande sou 27 000 van hierdie vroue en kinders in daardie kampe sterf! Toe die generaal Roberts en Kitchener nie die oorlog op die slagveld teen die manne kon wen nie, word hierdie barbaarse metode toegepas. Daarmee sou die Engelse die oorlog wen!

In die strate van Vryheid skreeu offisiere hulle bevele uit: Slaan stukkend die mure van daardie kerk ... Dit maak nie saak dat dit Sondag is nie, want oorlog is oorlog ... breek die vensters uit ... Gooi die sinkdak af ... Ruk die deurkosyne uit ... gebruik die preekstoel en banke vir vuurmaakhout ... laat hierdie plek wat Boere as 'n plek van aanbidding opgerig het, vernietig word ... 'Demolish the whole lot! ...' Laat hier nooit weer gepreek word nie! Laat ons hier van die puin (gekapte klippe) 'n fort bou en ons kiste ammunisie hier indra vanwaar ons hulle met ons Lee Metfords en Gatling-masjiengewere kan doodskiet!

Dit is reeds te lank gelede dat daar nog één enkele mens sou oorbly wat hierdie sataniese daad as ooggetuie kon oorvertel. Na 106 jaar is daar nie eens meer van hulle kinders om hierdie onbeskryflike leed van 'n gemeente te beskryf nie. Miskien nog êrens kleinkinders wat uit die vertellings van die oumense iets kan onthou. Maar dáár staan dit in die kerkraad se notuleboek. Ons kry dit in die kerkargief op Potchefstroom. Die nageslagte kan dit gaan opslaan. Dit is 'n notule wat onderteken is. Die hele kerkraad was getuies. Daar staan die naamtekenings van ds JA van Rooy, die voorsitter, en die skriba, ouderling MJ van Staden.

Die sloping van die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Vryheid wat pas vantevore in 1899 voltooi was, nog voor die oorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek het, was 'n verskriklike skade – moreel en fisies. In die naam van Haar Majesteit, koningin Victoria van die Britse Ryk, het een van die grootste skendings van menseregte in die geskiedenis plaasgevind. Maar dit is nog nie

die ergste nie. Wat van God se regte dat sy Woord in daardie dorp gepreek word?

Gevolge van die Engelse se grusame daad

Was daar ooit enige ander gemeente in Suid-Afrika wat só barbaars behandel is dat hulle kerkgebou afgebreek en van die materiaal vir die afbrekers 'n fort gebou is om die lidmate van die volk waaraan hulle behoort dood te skiet? Waar in die wêreld was so iets aan die orde van die dag – nie alleen aggressiewe verwoesting nie, maar ook blatante diefstal? Miskien in die Middeleeue of deur die aggressors van die Tweede Wêreldoorlog?

Wat was die direkte geldelike verlies vir die gemeente, behalwe die geestelike terugslag? Dit was dadelik ten minste £4 200. In vandag se geldwaarde is dit ten minste 50 keer hierdie bedrag om dit in rand om te sit, dit wil sê R210 000. Dit was die skuld vir die kerkgebou wat hulle nog moes betaal. Vanwaar sou die geld ooit vandaan kon kom? Om dit sag te stel: Die Gereformeerde Kerk Vryheid was in 1903, wat sy geldsake betref, onder die armoede van die oorlog 'n sinkende skip. Dit was met één woord so 'n ramp dat die hele gemeente se bestaan in gedrang gekom het. Enkele feite vertel 'n ingewikkelde, byna onverstaanbare verhaal wat uit ou (soms gehawende) vergeelde papiere uitgesnuffel moes word. Ook uit die notule van die boukommissie van 25 Februarie 1898 (die jaar voor die oorlog) kry ons die volgende besonderhede:

- 'n Tender van die bouer, ouderling HJ Potgieter, van £3 350 (R167 500) of 'drie plaatsen door de Regering (Republiek van Transvaal) aan de gemeente toegekend' plus £850 (R42 500) word aanvaar.
- In 1899 is 'n lening van £500 (R25 000) van die Gereformeerde Kerk Standerton verkry, maar in die kerkraadsnotules tot in 1899 vind ons geen spoor van so 'n besluit nie. Jare later duik die saak mondelings op. Van die persone wat daarmee gehandel het was alreeds oorlede. In Standerton se notule word dit egter vermeld.

- Om die bedrag van £850 (R42 500) hierbo genoem, te verkry, is (destyds in 1898) aan ds PhS Snyman en ouderling A van Hoon opgedra om 'n verband op die gemeente se twee plase Oasis en Behoud te bekom. (Opmerking: Die naam 'A van Hoon' is 'n fiktiewe naam. Vanweë regstappe, hofsake en 'n dagvaardiging oor sekere kerkgelde wat later sou volg – en gevangenskap oor 'n ander saak van die staat se kant – word die werklike naam van die ouderling nie gegee nie. Dit sou uiters ongevoelig teenoor sy nageslag wees van wie daar vandag in verskillende gemeentes lidmate is – VE d'A).

Ouderling HJ Potgieter wat die kerk wat deur die Engelse verwoes is, gebou het, het in die oorlog gesneeu. Hy is toe nog nie ten volle betaal deur die kerkraad nie. Hy het volgens 'n dokument van die Britse owerheid slegs £2 580 ontvang. Aan ouderling Potgieter se weduwee moes in 1903 (4 jaar na die bou van die kerk) nog £780 (R39 000) betaal word. En rente op hierdie geld? Ons vind geen bewys dat so iets in berekening gebring is nie. Wie weet?

Die kerkraad se eis om vergoeding van die nuwe Britse owerheid

Op die eerste vergadering na die oorlog (7 Februarie 1903) moes 'n uiterste poging aangewend word om nog te red wat daar te red is. Die finansiële toestand was benard. Hiervoor het die Engelse die grootste skuld gehad. Om darem 'n klein gemeente soos Vryheid (skaars 100 verarmde lidmate) so koelbloedig van sy kerkgebou te beroof en daarmee 'n skade van meer as R200 000 aan te rig, kan menslik nie verwerk word nie. Gaan die Britse owerheid werklik met hierdie oorlogsmisdaad wegkom? Die kerkraad gaan ten minste iets doen en daarom gaan hulle 'n eis van skadevergoeding instel.

Die taak om die Engelse regering (die nuwe heersers) vir geld aan te vat is egter uiters moeilik. Dan moes die pleidooi ook nog in die Engelse taal gelewer word. Daarvoor word die hulp van die prokureur FG

Katzenstein ('n bekwame Joodse prokureur) ingeroep. 'n 'Power of Attorney' – die benaming van die eis – is aan Sy Majesteit, die koning van Groot Brittanje se besettingsmag en nuwe regering voorgelê. Dit is 'n smeekbrief. Al die feite word gegee. Alle skades word genoem 'to obtain a satisfactory settlement as to the paying of compensation for the destruction of the Church building to the Gereformeerde Kerk Vryheid by his British Majesty's forces during the late war ...'.

Selfs die dag en datum van die verwoesting van die kerkgebou word gegee. Op Sondag 19 September 1900 het die Britse magte Vryheid binnegetrek. Die bedrag van skade word ook presies tot op 'n minimum gegee: £3360 wat in hedendaagse kontantwaarde ongeveer R168 000 beteken het. Dit was die absolute minimum, want daar was ook nog ander bedrae in kontant deur lidmate uitbetaal om die bouwerk te voltooi.

Op 10 Junie 1903 is die offisiële eis van skadevergoeding deur die kerkraad se prokureurs aan 'the British Majesty's Imperial Government' en ook aan 'the Honourable Prime Minister and the others, the Honourable Ministers of the Colony of Natal' geadresseer. Noord-Natal met die distrikte Utrecht, Paulpietersburg en Vryheid wat vroeër deel van Transvaal was, is eenvoudig na die oorlog blatant deur die Engelse aan die 'Natal Colony' gevoeg.

Het daar iets van hierdie eis van die Gereformeerde Kerk Vryheid tereggekem? Niks! Jammerlik, maar die Boerevolk het nog nooit 'n sogenaamde 'Waarheidskommissie' gehad waar onreg aan hulle gedaan, besleg kon word nie. Die oorwinnaars in die stryd het nog nooit oorlogsmisdadigers gehad nie – selfs nie eens teenoor die Here se kerk nie. Die arme Gereformeerde Kerk Vryheid het niks besit nie as alleen 'n skuldvas van ongeveer R200 000 en geen kerkgebou nie – alleen 'n puinhoop van 'n Engelse 'blockhouse' wat na die oorlog weer deur hulleself gesloop is. Was die sloping 'n poging om hulle skande te verberg? Die gemeente moes die 20ste eeu nie alleen met niks begin nie, maar met 'n agterstand

van skuld. En wáár gaan hulle begin? Behalwe die finansiële nood was daar egter ook 'n ander ingrypende saak wat verbittering in die gemeente veroorsaak het – die kwessie van verraaiers wat aan die kant van die Engelse geveg het.

Verraaiers, 'Hanskakies', 'Joiners' en 'National Scouts'

Was daar ooit in die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n gemeente wat só bitter in die oorlog gely het as die Gereformeerde Kerk Vryheid? Behalwe die brutale daad van die Engelse om hulle kerkgebou op 'n Sondag tot die grond toe af te breek en op dieselfde plek met die materiaal 'n fort te bou, het daar ook 'n ander duiwelse daad gebeur: *verraad* in eie geleedere! Dit is een van die ergste dinge wat mense kan tref. Vir ons Heiland, Jesus Christus, was dit een van sy grootste smarte.

In 'n gemeenskap, in 'n kerk en in 'n volk is daar seker geen erger ding wat kan gebeur nie: dat van jou eie mense wat só naby jou geleef het, só saam met jou geëet het (selfs aan dieselfde nagmaalstafel) oorloop na die vyand en by hulle gewere kry en betaal word om hulle eie mense dood te skiet! Daarby het ook nog die verskriklike ding gebeur dat Engeland van die swartmense bewapen het om, terwyl die manne op die slagveld was, op die vrouens en kinders op die plase jag te maak! Aan die einde van die oorlog was daar 30 000 sulke swartes onder Britse wapen teen die Boere.

Na meer as 100 jaar het baie van ons mense alreeds hierdie dinge vergeet. As ons grysaards dit vir ons jongmense vertel dan kyk hierdie jongmense jou met sulke starende oë aan asof hulle wil sê: Nee oom, dit kan tog nie waar wees nie. Afrikaners wat saam met die vyand hulle eie volk wil vernietig? Gereformeerde manne wat nog laas saam met die gemeente nagmaal gevier het, word die lae 'huurlinge' van die Engelse Tommies? Duisende swartmense wat deur die Engelse bewapen is? Dit kan tog nie waar wees nie?

En tog – hoe ongelooflik! – na 'n jaar wat die oorlog reeds verby is, is

dit nog 'n ontsettende probleem vir die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Vryheid. In artikel 5 van die notule van 7 Februarie 1903 word dit 'de kwessie van de sogenaamde National Scouts' genoem. By die kerkraad is daar geen twyfel nie. Hierdie verraaiers wat as 'National Scouts' in diens van die Engelse getree het, en deur die Britse staatskas betaal is, het 'zich bezondigd tegen God en zijn gemeente door openlijk op te treden tegen ons volk'. Die verbittering was ontsettend groot. Harde woorde het geval. Dit kan verklaar word, want 'n dertigtal manne, vroue en kinders van die gemeente het gesterf – ongeveer een-derde van die gemeente!

Suiwer hantering van die kerklike tug

Ds JA van Rooy is egter 'n wyse man wat self die lyding van die oorlog aan sy lyf gevoel het. Hy maan tot versigtigheid en dat ons mense nie na wapens van geweld moet gryp om hulle op hulle verraaiersbroeders te wreek nie of om op 'n onkerkregtelike manier die sonde te bestraf nie. So neem die kerkraad ook 'n wyse besluit: die betrokke ouderlinge moet hierdie lidmate wat hulle aan verraad skuldig gemaak het ernstig gaan vermaan. Vóórdat hulle nie bewys van hulle hartgrondige belydenis van skuld gegee het nie, mag hulle nie aan die sakramente van die Here se kerk deelhê nie.

Was hierdie saak van verraaiers alleen in Vryheid 'n verskynsel? O nee, in Transvaal alleen was daar 1 480 en in die Vrystaat ongeveer 480 sulke 'Scouts'. Hulle het meestal uit al die Afrikaanse kerke gekem. Sommige van hulle het selfs in die konsentrasiekampe diens gedoen. Hulle is openlik deur die Boere se vroue verafsku. In groter gemeentes was daar relatief groter getalle van hierdie mense. Weens die publieke minagting in enkele NG gemeentes het groepe van hulle selfs tot die stigting van hulle eie gemeentetjies oorgegaan – die sogenaamde 'Scouts'-kerke wat van die NG Kerk afgestig het omdat die NG sinode hulle getug het en nie die plaaslike kerkraad nie! Dit is weer op sigself 'n ander geskiedenis

van sinodokrasie. Ds SJ du Toit – vader van Totius – het hom later oor hierdie mense ontferm en aan hulle kerklike bediening gegee. Die meeste van hulle, selfs gemeentes, het toe mettertyd 'n tuiste in Gereformeerde Kerke gevind. Die boek *SJ du Toit van die Paarl, 1847-1911* werp meer lig op hierdie saak.

Dit was 'n harde, meedoënlose tyd! Behalwe die armoede en nood, het die Gereformeerde Kerk Vryheid ook nog met hierdie 'National

Scouts'-kwessie te doen gehad. Eers na baie jare sou die wonde genees en almal weer saam om één nagmaalstafel sit.

Ná meer as 'n eeu van Woordbediening bestaan die Gereformeerde Kerk Vryheid vandag nog met 237 lidmate. Hulle het nou 'n gerieflike kerkgebou. Dit is egter 'n skok om te hoor dat ook baie ander geboue van Afrikaanse kerke op so 'n gruwelike manier deur Engelse in die oorlog teen die Boere

verwoes is. Só sou dit ook vir die gewone publiek in Engeland wees. Dit het nie met die Engelse kerke gebeur nie. Die Gereformeerde Kerk Petrusburg byvoorbeeld, se kerkgebou en pastorie is heeltemal afgebrand. So weet ons ook van die NG gemeentes Lindley, Frankfort en Ventersburg waarvan die geboue totaal verwoes is. Daar is nog baie meer, maar ongelukkig het ons nie die tyd en middele gehad om dit ook na te vors nie.

Persskou

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Kerk en stad

Ds Eugene Viljoen skryf in die Gereformeerde Internet-tydskrif *Vox Viva* van Augustus 2006 oor die kerk se sendingtaak in die stad:

Bedreiging?

Stede word maklik deur Christene as 'n bedreiging ervaar. Die stad is dikwels 'n plek waar die kerk 'n klein minderheid geword het. In ons omgewing is dit nie anders nie. Al te maklik is 'n negatiewe houding van die kerk teenoor die stad eerder kenmerk as die uitsondering. Stede word gesien as plekke waar mense hulle geloof verloor. Stede ont-kerk. Dit is mense se indruk. Die gevolg is maklik 'n "anti-stad" houding. Kerk en stad staan in só 'n houding teenoor mekaar. Ons voel nie altyd gemaklik met die evangelie in só 'n omgewing nie. Dit laat 'n mens maklik in jou dop terugkruip. Maklik uit vrees.

Graag na die stad!

Hoe anders is Paulus se houding. Hy het 'n hart vir die stad gehad. Vir 'n heel besondere stad. Die stad Rome. Dit was in Paulus se tyd die middelpunt van die wêreldryk; die magtige Romeinse Ryk. Alle paaie het na Rome gelei. Rome was die sentrum van ekonomie, kultuur, politiek, maar ook van afgodery. Maar Paulus het 'n hart vir die plek gehad. Hy wou baie graag al eerder

die stad gaan besoek het (Romeine 1:8-15). Juis in die kultuursentrum van die Romeinse Ryk sou Paulus só graag die evangelie wou verkondig. Hy is nie skaam om met die evangelie in die stad te kom nie (Romeine 1:16-17). Die rede waarom Paulus nog nie in Rome was nie, is nie dat hy om watter rede dan ook verleë voel met die evangelie in die stad nie.

Vrug van Pinkster

Paulus skryf aan die begin van sy brief aan die gemeente in Rome oor wat vanaf Pinksterdag gebeur het. Die Gees het uit Jode en nie-Jode 'n heilige volk vir Christus bymekaargemaak. Daarmee wys die Heilige Gees Jesus Christus aan as die seun van God. Soek mense in Rome godeseuns? Dan moet hulle hul oë oopmaak. Die werk van die Gees is rondom hulle sigbaar!! Sedert Christus se opstanding uit die dood en die uitstorting van die Gees doen die Gees sigbaar wondere op aarde. Hy rig mense se aandag op Jesus as seun van God. Deur geloof in Jesus Christus, kom mense uit alle nasies weer tot gehoorsaamheid aan die Skeppergod.

In Paulus se dae het dit op 'n magtige manier gebeur. Jode en heidene kom kragtig tot geloof en bekering. Die ontstaan van 'n gemeente in die stad Rome, is 'n

teken van die krag en mag van die Gees wat mense heilig. Nie net in Jerusalem en Judea nie, maar ook in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld werk die krag van die Gees wat uitgestort is. Selfs tot in Rome!! Daarom spreek Paulus hulle op besondere manier aan: "ook julle het geloofsgehoorsaamheid gekry; geroepenes van Jesus Christus – geliefdes van God, geroepe heiliges wat in Rome is" (1:6-7).

Ons moet dit nie sommer so by ons laat verbygaan nie. Die feit dat Paulus die apostelskap gekry het om gehoorsaamheid te kry onder die heidene en die feit dat daar 'n gemeente van Christus in Rome was, is heel besonder. Daar is absoluut niks vanselfsprekend aan nie. Nie alleen dat dit iets is wat deur die Gees van God bewerk is nie. Maar daarmee het iets gebeur wat nog nooit voorheen gebeur het nie. Die evangelie van God se genade het na die nasies gegaan! Israel is nie alleen meer 'n "heilige nasie" nie. Sedert Pinksterdag heilig die Gees mense uit alle nasies. Dit is alleen deur daardie genade-wonder dat die evangelie ook u en my via Europa bereik het.

Die Gees en die nasies

Kan u nou Paulus se verlange verstaan om ook in Rome te kom en die evangelie daar te verkondig? Dáár in die stad wat in menige

opsig die middelpunt van die magte teen die kerk van Christus was, wil Paulus getuie wees van die Gees se werk onder die volke. Die heerskappy van die seun van God onder die volke wil hy aanskou! Daarom het Paulus 'n hart vir die stad. Hy kruip nie in sy dop uit vrees of skaamte vir die evangelie nie. Die wêreldregeersentrum sal ook voor die mag van die Seun van God moet buig.

Paulus dank God dat daar al reeds in Rome gehoorsaamheid aan God gekom het. Paulus bid en smee die Here of hy nie tog uiteindelik 'n geleentheid sal kry om in Rome die evangelie te verkondig nie. Vir die gelowiges in Rome wil Paulus só graag gaan versterk en ook deur hulle bemoedig word. Rome was vir Paulus nog altyd prioriteit in sy beplanning. Hy wou nog altyd só graag in Rome 'n gemeente

gaan plant. Hoe mooi om dit te kan doen in die hoofstad van die volkerewêreld van daardie tyd.

Geen skaamte vir die evangelie nie

Dit is duidelik – Paulus het geen vrees om in die stad met sy evangelie te kom nie. Hy is nie bang dat sy evangelie dit nie sal kan oorleef in die wêreldstad, Rome, nie. Hy het male sonder tal probeer om daar uit te kom, maar hy was nog elke keer deur die Gees verhinder. Die gemeente in Rome moet weet – die rede waarom Paulus nog nie in die stad gekom het nie, is nie omdat hy hom skaam vir die evangelie nie! Met die evangelie staan ons as skuldenaars teenoor alle mense (1:14). Teenoor nie-Jode en Jode; teenoor geleerde, geletterde en ongeletterde mense! Onder ál hierdie groepe mense wou Paulus vrug vir die evangelie insamel. Die evangelie is óók vir die stadsmense. Vir geleerde en gekultiveerde mense.

Krag van God vir elkeen wat glo

Daar is een groot rede waarom Paulus nie bang was om met die evangelie die wêreldstad in te vaar nie. Hy skaam hom nie vir die evangelie nie, want dit is 'n krag van God. Die magtige keiserstad kan aangedurf word met die krag van die evangelie. Dit is veel meer as mensekrag – dit is 'n krag van God. Die evangelie is geen brutale gewelddadige krag nie, maar 'n genade-krag tot redding. Dit is self 'n krag – ons hoef dit nie kragtiger te maak as wat dit is nie.

Die krag daarvan is die feit dat die geregtigheid van God daarin geopenbaar word. Nie die reg van die heersers van Rome nie, maar die trou van die Here God kom na ons in die evangelie. Geen bedreigende mag nie, maar reddende krag wat in geloof aangeneem kan word. Kyk hoe duidelik het dit al by die Jode geword! Hulle het eerste geglo. Hulle is vir ons gegee as voorbeelde wat hulle hoop op die genade van die Here God gestel het. Dit is nou niks anders nie. Eers vir die Jode, maar nou ook vir ons wat nie-Jode is. Dit groei “van geloof tot geloof”

(1:17). Dit begin in Jerusalem, Judea, gaan verder tot by Samaria en ook uiteindelik tot by die uithoeke van die wêreld.

Belangrike beginsels word in hierdie artikel aangespreek. Daarmee saam word 'n mens tot daadkrag aangespoor.

Op grond van die beginsels en voortspruitend daaruit moet daar egter konkreet oor die praktyk van 'stadsending' besin word. Vrae wat onder andere aangespreek moet word, is:

- Hoe gaan die kerk te werk om – afgesien van ander bevolkingsgroepe – 'n geslag Afrikaanssprekende jongmense, wat moontlik gedoop is maar nooit belydenis van geloof afgelê het nie, te bereik?
- Op watter wyse kry 'n mens toegang tot die honderde woonstelbewoners wat elkeen 'n oorvol dagprogram het, en in die aand sy deur letterlik en figuurlik (geestelik) vir alles om hom toesluit?
- Op watter basis en manier spreek jy bure en ander mense in jou straat aan wat nooit die binnekant van 'n kerk sien nie?
- Hoe kan kerke effektief by bestaande evangeliseringsprojekte (byvoorbeeld Koningskinders) betrokke raak?

Die afgelope jare is daar in die verband van 'stadsending' heelwat deur die Gereformeerde Kerk Rietvallei gedoen. Seminare word gehou om die hoe, wie, wat en waar van die sendingopdrag in die stad te bespreek. Dit is gebiedend noodsaaklik om daarvan kennis te neem, sodat die suiwer beginsel in konkrete daade kan vergestalt.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Ds GJ Meijer
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Dr AH Bogaards
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jokedewind@gmail.com

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R130 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031